# DIE KONINKRYK VAN GOD – 3

# Matthéüs 6:10

NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.

## TEMA: LAAT U KONINKYK KOM

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

--o0o-

**Matt 6:10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;**

**Psalm 139:15 My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.**
**Psalm 139:16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.**

**Rom 14:17 Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.**

-o0o-

### 1. TRANSFORMASIE

Ons het gesien dat die Koninkryk van God gekom het in die **vorm** van:

- ✓ Die Hoeksteen, (Koninkryk - 2)
- ✓ Die Koringkorrel,
- ✓ Christus Jesus,
- ✓ Die Woord.

Dit is nou perfek in sy plek geplaas op die fondasie, wat die **Apostoliese** en die **Profetiese** is. Dit gee vir ons die perfekte riglyn, die regte rigting, waterpas en alles. Hy is perfek gelê deur die Heilige Gees. Die res van die huis kan daarom deur die Heilige Gees gebou word en nie op tradisies of godsdienste of enige ander manier nie.

- Die Heilige Gees funksioneer deur die boustene.
- Die boustene word gevorm deur die Heilige Gees.

Ons moet onsself verloën, ons kruis opneem en Christus volg. Dit wat ons is, die hout en die klei, moet ons vernietig. Die Heilige Gees kan dan van ons 'n perfekte bousteen of baksteen maak, soos wat Hy van Christus gemaak het.

- Dit is 'n transformasie proses, sodat ons kan begin **lyk en wees** soos die hoeksteen, die Woord, oorspronklik gelyk het.

-o0o-

- Dit is ‘n transformasie proses, waar ons in die Koninkryk van God hier op aarde geneem word, sodat ons **deel kan word** van die Koninkryk van die hemele.

**Waar pas ek en jy in?**

Ek het vroeër gesê dat ek en jy reeds bestaan het voor die grondlegging van die wêreld. God die Vader, Elohim, die Skepper en die Planmaker, het reeds ‘n volmaakte raadsplan oor elkeen van ons lewens klaar geskryf.

Die Godheid bestaan uit die **Vader**, die **Woord** en die **Heilige Gees**.
Hulle funksioneer altyd in drie.

- Die Vader is die planmaker.
- Die Woord is die uitvoerder van die planne.
- Die Heilige Gees is die krag agter die uitvoering van die planne.

## 2. ONS BOEK

Gaan lees gerus Psalm 139. Ek lees vanaf vers 15

**Psalm 139:15 My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.**

Dawid praat hier oor hoe hy gemaak is. Hy is ***in die geheim gemaak*** voor die grondlegging van die wêreld.

**Psalm 139:16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.**

Dawid sê dat daar ‘n boek oor sy lewe geskryf is. In hierdie boek is geskryf ***dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.*** Voor die grondlegging van die wêreld, het God Almagtig reeds vir elke mens op aarde sy hele lewe uitgelê en ‘n boek oor sy lewe geskryf. **Dit is net soos die boek wat oor Christus se lewe, die wet en die profete, geskryf is.**

- Christus is die vervulling van die wet en die profete.
- Die Ou Testament was die doel en die raadsplan van die Vader vir Christus gewees.
- Christus het gekom en daardie raadsplan in die Nuwe Testament vervul.

In my en jou lewe is daar ook ‘n boek geskryf toe geen dae nog bestaan het nie. Dit is al klaar volkome uiteengesit, toe geen een nog bestaan het nie. Jou hele wese is klaar gevorm voor die grondlegging van die wêreld. Hy het reeds geweet of jy ‘n man of ‘n vrou gaan wees, watter kleur jou oë gaan wees, op watter plek van die aarde en wanneer jy gaan bestaan. Alles is klaar uiteengesit.

❖ Ek wil julle nou nooi na ‘n gedeelte wat vir my baie kosbaar is en die Amplified verduidelik dit baie mooi. Onthou, die boek Hebreërs gaan oor die Verbond.

### Hebrews 13:20-21
Amplified Bible, Classic Edition

20 **Now may the God of peace [**Who is the Author and the Giver of peace**], Who brought again from among the dead our Lord Jesus, that great Shepherd of the sheep, by the blood [**that sealed, ratified**] the everlasting agreement (**covenant, testament**),**

-o0o-

**[21] Strengthen (complete, perfect) *and* make you what you ought to be *and* equip you with everything good that you may carry out His will; [while He Himself] works in you *and* accomplishes that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ (the Messiah); to Whom be the glory forever and ever (to the ages of the ages). Amen (so be it).**

Hier word die Skrywer van die boek weer genoem. Jy kan alleenlik die vrede van God in jou lewe hê, as jy toelaat dat die Heilige Gees jou in hierdie boek van verbond bring. Vers 20

i) **Wat het hierdie "great Shepherd" gedoen?**

Met die raadsplan wat God die Vader uitgelê het, het Hy reeds voor die grondlegging van die wêreld, biljoene jare die toekoms ingegaan, die bloed van die Lam gebruik en 'n boek oor jou lewe geskryf. Jou boek is nie geskryf met pen en papier nie, maar jou boek is geskryf met die bloed van die Lam, op niks. Hy is die outeur van daardie boeke. Hy het daardie boeke verseël en Hy het jou by jou naam geroep voor die grondlegging van die wêreld. Hy het daar 'n naam vir elke boek, vir elke mens gegee en dit verseël.

- Dit is net die bloed van die Lam wat in die hemel getuig van jou boek.

In hierdie raadsplan het God al klaar bepaal wat ek en jy veronderstel is om te wees, deur die vorming van die Heilige Gees. Soos Hy dit met Christus Jesus, die hoeksteen gedoen het, so sal Hy ook met my en jou presies doen, as ons Hom toelaat. Ons is alreeds gevorm as 'n perfekte wese, in die oë van God, wat kan funksioneer. Ons het alreeds krag ontvang. Ons het alreeds alles ontvang om Sy wil te doen.

ii) **Wat is Sy wil?**

Dit is daardie boek wat Hy oor elkeen van ons geskryf het. Laat die Heilige Gees in jou werk, ***accomplishing in us that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ, to whom be the glory forever and ever. Amen.***

- Nie in my of jou oë nie, ***in His sight***.
- Nie in godsdiens, tradisies, my ouers of my broers en susters nie, maar in Sy oë (***in His sight***)
- Laat die Heilige Gees in ons werk volgens wat Hy wil hê ons moet wees.

Mense kan julle nou verstaan waarom ek altyd sê dat ek en jy die vervulling van die Woord hier op aarde is? Christus het net gekom om die grondgebied terug te vat en dit op te eis. Hy het weer die oorwinning vir ons behaal en Hy het die perfekte voorbeeld vir ons kom stel.

Hy was die hoeksteen wat die Vader kom lê het. Hy was die saad wat uit die Koninkryk van die hemele gesaai is, sodat die Koninkryk van God op aarde weer gevestig kon word. Dit is gedoen sodat ons die perfekte voorbeeld kan volg om op die pad te kom wat die Vader vir ons bepaal het.

- Dit is gedoen sodat ek en jy Sy verteenwoordigers, Sy ambassadeurs kan word, sodat die Vader weer kan terug vat wat aan hom oorspronklik behoort het.

Dit gaan nie oor die aarde nie, dit gaan oor siele, omdat ons na Sy beeld gemaak is.

## 3. <u>KONINKRYK</u>

### i) Wat is hierdie Koninkryk van God?

**Rom 14:17 Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.**

-o0o-

Die Koninkryk van God het niks te doen met die fisiese of die vleeslike koninkryk nie*. Dit het niks te doen met dit wat aards is nie*. Onthou, die aarde is juis vervloek en alles wat uit die aarde voortkom, is onder die vloek van die aarde.

iii) **Wat is God se uiteindelike plan vir die ewigheid**?

Daar lê 'n plan vir die ewigheid voor wat ek en jy moet vervul. Ons kan nie met aardse goed die ewigheid vervul nie, want die aardse goed is vervloek. Ons moet hier op aarde bou aan iets wat uit die Koninkryk van die hemele kom, sodat dit weer eendag terug kan gaan ewigheid toe.

Ek het dikwels in die verlede hieroor gepraat. Daar is niks in jou vlees wat vir jou genoeg tevredenheid en vrede kan gee nie. Jou vlees kan vandag die lekkerste kos eet en versadig word, maar môre is hy weer honger. Jou sielsdimensie, jou wil, kan vandag op die lekkerste vakansie gaan, maar môre wil jy weer met vakansie gaan. Die vlees kan nie versadig word nie.

- Jou gees kan net gebou word met die boustene.
- Die boustene is die Woord, die manna, die hoeksteen, want dit is wat God uit die hemel gegee het.

God het 'n deeltjie van die Koninkryk van die hemele gegee, Sy saad wat in jou kom en verander word deur die Heilige Gees. Jy moet verander word na die beeld van hierdie hoeksteen, die Woord. As gevolg van die transformasie proses, sal jy ***vrede en blydskap in die Heilige Gees*** ervaar.

Mense bou hulle eie koninkryke met dit wat God vir hulle gegee het en waarmee hulle eintlik op Sy Koninkryk moet bou. Daar kan geen satisfaksie van kom nie. Jy kan nie die gees bevredig met die fisiese nie, want die Koninkryk van God is nie die fisiese nie, ***maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees***.

Jy kry mense wat in die wil van God lewe en in die Koninkryk beginsels lewe, al het hulle bitter min. Ek onthou toe ek en Eleonor regtig op die broodlyn gelewe het, was die vrede van die Here op ons en dit is nou nog op ons. Al het 'n mens nie alles wat die wêreldse mense het nie, is jou gees so tevrede en jy is so vol van die Here, dat jy die hele dag wil loof en prys. Ek dink dit is waar Habakuk inkom.

**Habakuk 3: 17 Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie –**
**Habakuk 3: 18 nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil.**

As jou gees tevrede en versadig is van God se heerlikheid en jy in die wil van God leef, sal niks jou ontbreek nie (Psalm 23). As jy besig is om op die Koninkryk van God hier op aarde te bou, met die voorbeeld wat God die Vader vir ons gegee het in Christus Jesus, Sy Woord, die hoeksteen, het jy vrede. Jy het dan blydskap en jy loop net oor van die heerlikheid van God.

-o0o-